

'wetenskap' tot algemene begrippe en algemene wette in streng 'wetenskaplike sin kom.

Wat die 'wetenskap' dus nodig het, is nie 'n metafisiese determinisme nie maar 'n metodologiese. Die 'wetenskaplike' aanvaar die fundamentele beginsel dat in ook die mees ingewikkelde gevalle simbole uiteindelik gevind sal kan word om sy bevindings in universele en algemeenverstaanbare taal te stel. "He accepts the principle of numerical determinism as a guiding maxim, a regulative idea that gives his work its logical coherence and its systematic unity."¹ Vir die aanvaarding van hierdie fundamentele beginsel gee die wetenskaplike self geen logiese of empiriese bewys nie. Die enigste bewys is sy werk en die resultate wat hy verkry. Hy weet dat daar nog groot velde van ondersoek is wat hy nog nie kan herlei tot streng wette en eksakte numeriese verhoudings nie; nogtans bly hy getrou aan die ideaal van die Pythagoreaanse denkers: "...he thinks that nature, taken as a whole and in all its special fields, is a 'number and a harmony.'"²

5. Samevatting. 'Wetenskap' is die hoogste en mees kenmerkende prestasie van die menslike kultuur. Daar is nie nog 'n mag wat vergelyk kan word met die mag van die 'wetenskaplike' denke nie. Hierdeur word die 'wetenskap' in staat gestel om sy funksie te vervul naamlik om die waarborg van 'n konstante wêreld te gee en om 'n ewewigtige toestand van stabiliteit in ons waarneme en denke te bewerkstellig.

Om dit te kan doen moet dit nuwe simbole vind, simbole wat self 'n vaste reëlmaat en orde het. Hierdie simbole vind hy in getal en die wiskundige simbolisme stel hom onderhewig aan 'n metodologiese determinisme. Dit is juis hierdeur dat die 'wetenskap' tot algemene begrippe en wette kan kom wat aan sy werk logiese samhang en sistematiese eenheid gee.

Daarom is die werk van die 'wetenskaplike' nooit enkel die versameling van feite nie, maar dit is teoretiese en konstruktiewe werk. Hierdie spontaneïteit en produktiwiteit is werklike sentra van al die menslike aktiwiteite. "It is man's highest power and it designates at the same time the natural boundary of our human world. In language, in religion, in art, in science, man can do no more than to build up his own universe - a symbolic universe that enables him to understand and interpret, to articulate and organize, to synthesize and universalize his human experience."³

HOOFSTUK 10 DIE KULTUUR AS ORGANIESE GEHEEL

1. Inleiding. Uit die voorafgaande ses hoofstukke oor die verskillende kultuursektore, elkeen met sy eie aard en sy eie simbole, mag dit skyn asof daar nie van 'n samehangende kultuur gepraat kan word nie. Daarom is dit nodig om die kultuur en sy ontwikkeling as 'n organiese geheel te oorsien.

As uitgangspunt en werkhipotese gaan Cassirer in sy filosofiese analise van die standpunt uit dat die skynbaar uiteenlopende strale van die verskillende kultuursektore, elkeen met sy eie simboliese vorme van spesi-

1. E.o.M., 219
2. Ibid, 220
3. Ibid, 221.

fieke aard en struktuur, tog 'n gemeenskaplike brandpunt het. Al hierdie verskillende vorme besit 'n innerlike eenheid wat vir hom bestaan uit die "functional unity of man". "Man is no longer considered as a simple substance which exists in itself and is to be known by itself. His unity is conceived as a functional unity. Such a unity does not presuppose a homogeneity of various elements of which it consists. Not merely does it admit of, it even requires, a multiplicity and multiformity of its constituent parts. For this is a dialectic unity, a coexistence of contraries."¹ Hierdie onderskeie vorme van die menslike kultuur word dus nie saamgebind deur 'n identiteit in hulle aard nie, maar deur 'n ooreenstemming in hulle fundamentele taak.

In die uitbou van hierdie kultuur werk al die mense in die samelewing saam en dit is juis sy kultuur wat die mens in gemeenskappe saambind.

2. Rol van die individu en van die samelewing in die uitbou van die kultuur as geheel. Aristoteles se definisie dat die mens 'n sosiale dier is, is nie omvattend genoeg nie, sê Cassirer. Dit is nie die voorreg en die kenmerk van die mens alleen om 'n samelewing te vorm nie. Ook by dieregemeenskappe soos bye, miere, ens. vind ons 'n ingewikkelde, samegestelde sosiale organisasie, met noukeurige afbakening van arbeid wat gemik is op die instandhouding van die hele gemeenskap. Baie van die handeling wat deur diere in hulle gemeenskapslewe uitgevoer word oortref die van die mens in doeltreffendheid wat betref samewerking en koördinasie. Hierdie dierehandeling laat egter geen individuele differensiasie toe nie. Al die handeling word uitgevoer op dieselfde manier en op dieselfde patroon. Geen ruimte word gelaat vir individuele keuse of bekwaamheid nie.

By die hoër diersoorte vind ons wel spore van individuele prestasies en ook wel verskil in intelligensie en vaardigheid. Dit bring egter nie mee dat die individuele diere 'n bydrae lewer vir die dieregemeenskap nie. In die hele struktuur van die dierelewe geld die biologiese wet dat verwerfde eienskappe nie oordraagbaar is nie en dit beperk is tot die bestaan van die enkeling. Dit beïnvloed of verander nie die lewe van die spesie nie.

By die mens is die posisie egter heel anders. Ons vind by die mens nie slegs gemeenskaplike handeling nie maar ook gemeenskaplike denke en gevoel. Van hierdie hoër gemeenskapslewe is die verskillende kultuuraktiwiteite in die verskillende kultuursektore die saambindende faktore. "They are the means by which the forms of social life that we find in organic nature develop into a new state, that of social consciousness."² Die mens se sosiale bewussyn ontstaan uit 'n tweeledige handeling, te wete identifisering en onderskeiding. Dit is alleen in die samelewing dat die mens bewus word van sy individualiteit. Hierdie samelewing is egter nie slegs 'n uitwendig beheersende mag waarteenoor hy magteloos staan nie. Hy onderwerp hom wel aan die reëls van die samelewing maar hy het andersins ook 'n aktiewe aandeel in die totstandbringings van die struktuur van hierdie samelewing, sowel as die vermoë om dit te verander.

1. E.o.M., 222
2. Ibid, 223.

72./ Die individuele

Die individuele prestasie is by die mens nie beperk tot die bestaan van die enkeling nie, want sy werke bly na hom voortbestaan. Hy het 'n weg gevind om sy werke te stabiliseer en te propageer. "He cannot live his life without expressing his life. The various modes of this expression constitute a new sphere. They have a life of their own, a sort of eternity by which they survive man's individual and ephemeral existence."¹ Die individu het in sy bestaan 'n bydrae gelewer tot die daarstelling en ontwikkeling van die menslike kultuur en alhoewel hy van die toneel verdwyn, bly die kultuur voortbestaan.

Hierdie bydrae tot die kultuurontwikkeling gaan gepaard met spanning want in al die menslike aktiwiteite bestaan daar 'n fundamentele polariteit. Daar is spanning tussen stabilisasie en ontwikkeling, tussen reprodktiewe en produktiewe magte, ens. In hierdie stryd of spanning is dit altyd progressie wat die beslissing vel want die mens verkeer steeds op die pad van progressiewe selfbevryding.

3. Die ontwikkeling van die kultuur as geheel. In die ontwikkeling van die kultuur is hierdie bogenoemde spanning of dualisme altyd merkbaar in die verskillende kultuursektore. Dit is in die tipiese ontwikkelingspad van die kultuur as geheel, waarin die eenheid van die kultuur openbaar word en waarin die aktiwiteite in die verskillende kultuursektore as een groot proses gesien word.

In die mite en primitiewe godsdiens oorheers die behoudende faktor want beide is baie konserwatiewe fenomene van die menslike lewe. Vir die mitiese denke is dit noodlottig om die bestaande toestande te verander; die primitiewe godsdiens het onbreekbare reëls vir elke menslike handeling en laat geen vryheid van handeling of denke toe nie. Tog is daar 'n gestadige ontwikkeling in die teenoorgestelde rigting. In die nuwe dinamiese vorme van godsdiens word daar nuwe perspektiewe van sedelike en godsdienstige lewe sigbaar. In so 'n dinamiese godsdiens oorheers die individuele magte die magte van stabilisasie. Die godsdienstige lewe bereik sy rypheid as hy die bande van streng tradisionalisme verbreek het.

In taal vind ons dieselfde fundamentele proses maar in 'n ander vorm. Om sy funksie te kan vervul moet taal konserwatief wees en moet sy simbole stabiel en konstant bly. Meer nog: taal is een van die sterkste behoudende magte in die menslike kultuur. Tog is daar ten spyte van hierdie konserwatisme, fonetiese en semantiese veranderinge wat nie somer toevallig is nie maar inherente en noodsaaklike voorwaardes vir die voortbestaan en ontwikkeling daarvan. Hierdie ontwikkeling van taal vind plaas omdat die oordrag van taal van een geslag tot 'n ander geslag nie net 'n reproduksie is van vaste vorme nie, maar 'n aktiewe en produktiewe proses. Twee duidelike neigings openbaar hom dus - een wat lei tot bewaring en die ander wat lei tot hernuwing en verjonging. Daar kan kwalik gepraat word van opposisie tussen die twee. Hulle is in volmaakte ewewig en is beide onmisbare voorwaardes vir die lewe van 'n taal.

By kuns skyn dit asof die oorspronklikheid, individualiteit en skeppingsvermoë oorheers, want kuns is nie tevrede met die herhaling of

weergawe van tradisionele vorme nie. Nuwe verpligtings en nuwe kritiese standarde word telkens daargestel. Tog speel tradisie hier ook 'n groot rol want dieselfde kunsvorme word van geslag tot geslag oorgedra en dieselfde motiewe kom telkens voor. Hierdie spanning tussen konserwatiewe en produktiewe magte, tussen nabootsing en inspirasie word allerweë in estetiese beskouinge erken. Die moderne estetika eis egter dat die eerste gawe van 'n kunstenaar oorspronklikheid moet wees; oorspronklikheid in die sin dat hy dit kan voortbring waarvoor geen vaste reëls neergelê is nie. Hierdie vorm van oorspronklikheid is die prerogatief van kuns en kan na geen ander terrein van die menslike aktiwiteite uitgebrei word nie.

Die verhouding tussen subjektiwiteit en objektiwiteit, tussen individualiteit en universaliteit is nie dieselfde in die werk van die 'wetenskaplike' as wat dit in die werk van die kunstenaar is nie. Dit is wel waar dat elke groot wetenskaplike ontdekking die stempel dra van die gees van die ontdekker, maar in die objektiewe inhoud van die wetenskap word hierdie individuele kenmerke egter gou uitgewis; een van die hoofdoelstellings van die 'wetenskap' is die verwydering van alle persoonlike en antropomorfe elemente.

Die hele menslike kultuur kan dus as een groot eenheid beskou word. Hierdie eenheid bestaan daaruit dat dit beskou kan word as een groot voorwaartse beweging in die proses van progressiewe selfbevryding. Godsdien, taal, kuns en 'wetenskap' deel almal in hierdie proses en in hulle almal openbaar die mens 'n nuwe mag, die mag om 'n wêreld van sy eie op te bou naamlik 'n "ideal world".

HOOFSTUK 11 OORSIG

1. Inleiding. In sy antropologiese studie kom Cassirer voor die probleem te staan van hoedat die mens tot kennis van homself kan kom. Hierdie selfkennis is nodig en noodsaaklik maar is moeilik om te verkry. Die aard van die mens kan nie op dieselfde wyse ondersoek word as wat hy die aard van die fisiese dinge ondersoek nie. Cassirer probeer die mens ken deur hom in sy ontwikkelingsgang as kultuurskepper te ondersoek. In hierdie analise kom hy tot die gevolgtrekking dat die gang van die ontwikkeling die selfbewuswording en selfontplooiing van die menslike gees is. In hierdie ontwikkeling openbaar die mens hom as wesensverskillend van die dier. Hierdie verskil word openbaar in hulle onderskeie reaksies teenoor prikkels, in die aard van hulle intelligensie, in hulle ruimtelike en tydelike aanpassing en ten laaste omdat die mens 'n kultuurskepper is en die dier nie.

2. Sy metode. Cassirer het 'n nuwe benadering tot die algemene filosofie van die geesteswetenskappe. As volgeling van Kant en Neo-kantiaan van die Marburgse skool, bly hy getrou aan die transendentale metode of visie. Hy begin by die mens, by die spesifiek menslike en hy soek na en ondersoek die transendentale voorwaardes in sy gees wat sy kultuurskeppings (mite, godsdien, taal kuns en 'wetenskap') moontlik maak.

Hy gaan egter verder as hulle want hy erken ook die waarde van die